# Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 12

April 2012




## Inhoud

### Artikels


Ons gesels met: aktrise Lika Berning .......... 3
Vorm jou kind se selfbeeld.......... 4
Pienkvoet Pret: Klei vir die kleingoed! .......... 5
Kuns: 'n Versiering vir Mamma se handsak! .......... 6
Speletjie: Woordsoek .......... 7
Rubriek: Ons plus twee .......... 7
Oulike produkte: ZOEM-leesreeks .......... 8
Oulike foto's .......... 9


### Vir die kleingoed


Storie: Lekkerbekkie en die paaseiers.......... 1
Inkleurprentjie .......... 2


### Bak en brou


Resep: Jelly Tots koekies .......... 6


### Kompetisie


Wen 'n Afrikaanse storieboekie! .......... 10

Bestelvorm .......... 11


Foto: Mila van der Vyver - 1 jaar

## Twaalf Lekkerbekkie-uitgawes agter die rug!

Met April se Lekkerbekkie-tydskrif voltooi ons dan ons eerste jaar! Sjoe, kan dit wees? Die tydskriffie het onder ons hande gegroei, en ons is steeds aan die ontwikkel daaraan om elke uitgawe 'n bietjie beter en opwindender as die vorige een te maak! Dankie aan ons getroue intekenare wat elke maand saam lees.

In hierdie uitgawe gesels ons met die gewilde Lika Berning oor die veranderinge in haar lewe na die geboorte van haar kleinding. Ons deel 'n oulike resep vir "Jellie Tot Koekies" en wys hoe jou kind 'n versiering vir Mamma se handsak kan maak. Lees gerus meer oor die splinternuwe Afrikaanse leesreeks, ZOEM, spesiaal vir ons beginner-lesertjies, en vyf Lekkerbekkie-lesers kan hierdie maand 'n Afrikaanse storieboekie wen.

Ons sluit ook 'n bestelvorm by hierdie maand se tydskriffie in waarmee julle van die kinderstorie-CD's in ons katalogus kan bestel. Wees op die uitkyk vir heerlike spesiale aanbiedinge en nuwe produkte in jou inbox.

**Groete uit die kantoor**
**Anna Emm**













© Anna Emm Productions 2012

# Lekkerbekkie en die paaseiers



"Word wakker, Lekkerbekkie Muis!" roep die voëltjies een oggend. "Ons het 'n verrassing vir jou!"

Lekkerbekkie vryf sy ogies, wip uit sy bedjie uit en loer deur die venster. "Ek hou van verrassings!" roep hy opgewonde.
Vinnig trek hy aan, was sy gesiggie, en eet sy ontbyt. Toe hy by sy huisie se deurtjie uit kom, wag die voëltjies vir hom met 'n briefie. En wat staan in die briefie? Daar staan:

GAAN KYK ONDER DIE PLAT KLIP BY DIE RIVIER!

So vinnig as wat hy kan, draf Lekkerbekkie Muis na die rivier toe. En al die voëltjies vlieg opgewonde agterna. Hulle wil sien wat gaan gebeur. Bo-op die plat klip by die rivier sit Petrus Padda. Hy wip van die klip af sodat Lekkerbekkie die klip kan oplig. Onder die klip is nog 'n briefie. En wat staan in die briefie? Daar staan:

GAAN KYK IN DIE HASIES SE TONNEL!

Nou is Lekkerbekkie Muis al baie opgewonde! So vinnig as wat hy kan, hardloop hy na die hasies se tonnel toe. Die voëltjies en Petrus Padda gaan ook saam om te sien wat gebeur.

By die tonnel wag al die hasies vir Lekkerbekkie Muis. Hulle staan opsy sodat hy in die tonnel kan kyk. In die tonnel lê daar nog 'n briefie. En wat staan in die briefie?

GAAN KYK IN DIE STOMP WAAR AKKEDISSIE WOON!

Lekkerbekkie Muis hardloop na die stomp toe. Akkedissie sit op die stomp in die son. Hy wag vir Lekkerbekkie Muis! Die voëltjies, Petrus Padda en al die hasies kom ook saam om te sien wat gaan gebeur.

Lekkerbekkie Muis loer in die stomp en raai net bietjie wat sien hy? Daar is NOG 'n briefie in die stomp. In die briefie staan:

GAAN KYK IN JOU HUISIE!

"In my huisie?" roep Lekkerbekkie Muis. "Maar ek was nou net daar gewees!"
Nou hardloop hy so vinnig as wat hy kan terug na sy huisie toe. Die voëltjies, Petrus Padda, die hasies en Akkedissie gaan almal saam. Hulle is baie opgewonde! Daar is 'n verrassing vir Lekkerbekkie Muis by sy huisie! Wat kan dit wees?

By Lekkerbekkie Muis se huisie wag al sy ander maatjies ook! Daar is Mossie die mossie en Oupa Uil. Ella eend is ook daar. Toe Lekkerbekkie Muis by sy huisie ingaan, rek sy ogies groot! Sy hele kombuisie is vol sjokolade-paaseiers gepak!

"Verrassing!" roep al die maatjies. "Toe jy weg was, het Mossie die mossie al die paaseiers in jou huisie gepak."

En daar was genoeg paaseiers vir Lekkerbekkie Muis en AL die maatjies!

**Die Einde.**


*Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (12) en Mila (1).*
***www.annaemm.co.za***



© Anna Emm Productions 2012

# Lekkerbekkie en die paaseiers

Kleur in





© Anna Emm Productions 2012

# Aktrise Lika Berning... oor ma-wees

Aktrise Lika Berning, dogter van regisseur Regardt van den Berg en aktrise Jana Cilliers, is bekend vir haar rolle in televisie-reekse soos *Binnelanders* en *Known Gods*. Sy het ook onlangs een van die hoofrolle in die film *Liefling* vertolk. Maar dit is nie waaroor ons met haar wou gesels nie! Lika en haar man, Clyde Berning, het ses maande gelede die trotse ouers geword van 'n babaseuntjie, Hugo!

Lorraine du Toit het met haar gesels oor die impak wat hierdie groot gebeurtenis op haar lewe gehad het…

**Het ma-wees jou as mens verander?**
Hugo is nou ses maande, en ek kan nou niks doen sonder om eers aan hom te dink nie. Ek is baie meer kieskeurig en baie meer bewus van die dinge in my omgewing, die vriende waarmee ek my omring, wat ek kies om te lees, wat ek besluit om te ondersteun en wat nie...

**Hoe het die dinamika in julle gesin verander? Moes jy en Clyde groot aanpassings maak in julle roetine om 'n besige skedule te akkommodeer?**
Wel, ek het eintlik nou eers ophou werk (al doen ek nog 'n paar goedjies van die huis af). So, my man het skielik die volle verantwoordelikheid van ons gesin se finansies op sy skouers. Voorheen was ons gelukkig om verby te skraap met ons laaste sente aan die einde van die maand, maar dinge is nou anders. Clyde werk harder as ooit en ons los nie meer huishoudelike takies vir "later" soos ons altyd gewoond was om te doen nie! As ons wil gym toe gaan, gaan fliek of sommer net rustig saam eet, moet ons dit deeglik vooruit beplan!! Alles was nog altyd so spontaan met ons... Nou nie meer nie!

**'n Mens sien soms baie van jouself in jou kind raak. Kon jy al "bekende" persoonlikheidstrekke in Hugo optel?**
Nie rêrig nie. Hy lyk vir my wel baie na sy pa, en ek wonder soms of daar nog later so 'n paar trekke van my ook sal deurkom soos hy ouer word. Vir nou is hy vir my net Hugo – sy eie unieke mensie - 'n kriewelende, besige bulletjie!

**Mammas sukkel dikwels om by hulself uit te kom wanneer daar soveel ander verantwoordelikhede is wat skreeu vir aandag. Wat doen jy om tyd te maak vir jouself?**
Mmmmm… nie veel op die oomblik nie! Ek moet weer teruggaan gym toe. Ek weet dit sal vir my soveel meer nodige energie gee. Maar dis moeilik om tyd te maak vir dit en om weer die roetine in plek te kry. As ons gaan stap in die park, vat ons altyd vir Hugo saam. Dis vir ons 'n lekker afleiding om só asem te skep. Ek het wel 'n kunsklas begin bywoon waaroor ek baie opgewonde is! Elke Dinsdagoggend gaan verf ek. Dit is 'me-time'! Ek geniet dit vreeslik baie!

**Wat beplan jy vir jou loopbaan vorentoe? Waarmee is jy nou besig?**



Ek en my man het 'n produksiemaatskappy en daar is 'n paar projekte in die pyplyn. Ons lewer hierdie jaar 'n dokumentêre program oor my ouma aan *Kyk-Net* waaraan ek en my ma saam gewerk het. Wat toneelspel betref, wag ek maar vir die regte geleentheid om oor my pad te kom. Ek wil nie sommer enigiets doen nie. Ek wil my nie op hierdie stadium vasmaak aan 'n lang kontrak vir 'n televisie-reeks nie. Ek weet nie wat môre en volgende week gaan gebeur nie. Ek wil ook nie te ver weg van my gesin moet gaan skiet nie. So, ek sal sien wat gebeur! Vir nou geniet ek nog eers die by-die-huis-wees saam met Hugo.

**Wat is jou drome vir Hugo? Wat wens jy vir hom toe?**
Vir Hugo wens ek liefde, vreugde en wysheid! Ek wens vir hom goeie vriende, lekker lang vakansies, en dat baie geleenthede oor sy pad sal kom. Ek bid vir hom God se genade oor sy lewe, dat hy Sy plan sal ontdek en Sy stem sal hoor. Ek wens vir hom 'n reuse passie wat betekenis aan sy lewe sal gee, vrede in sy hart, en dat hy sal alles bereik waarna hy strewe.



© Anna Emm Productions 2012

# Vorm jou kind se selfbeeld



Kinders word nie gebore met 'n goeie of 'n slegte beeld van hulself nie. Dit word gevorm as gevolg van die dinge wat met hulle gebeur en hoe hulle dit ervaar. En ongelukkig kan 'n lae selfbeeld baie vroeg in 'n kind se lewe reeds vasgelê word, en dan die res van sy lewe sy optrede teenoor ander mense en omstandighede beïnvloed.

As ouer is jy die belangrikste persoon in jou kind se lewe, en hoe hy oor homself dink, gaan direk bepaal word deur hoe jy hom hanteer. Kinders met 'n lae selfbeeld sukkel om probleme op te los. Hulle wil nie nuwe dinge probeer nie, gee maklik op, kan nie frustrasie hanteer nie en praat dikwels negatief oor hulself en hul vermoëns. 'n Kind se selfbeeld vorm rondom hoe bekwaam hy homself sien om dinge te doen, en of hy voel hy word liefgehê.

Selfbeeld verander en wissel ook regdeur jou kind se lewe as gevolg van die dinge wat met hom gebeur en sy nuwe gewaarwordinge. Jy kan jou kind se selfbeeld positief help ontwikkel deur aandag te gee aan die volgende dinge:

(1) Let op wat jy sê, want kinders is baie sensitief vir hulle ouers se woorde. Beloon en prys jou kind baie – nie net die suksesse nie, maar ook elke poging eerder as die uitkoms. (2) Wees 'n rolmodel vir jou kind deur nie te krities op jouself te wees nie, want jou kind gaan uiteindelik jou optrede naboots. (3) Identifiseer jou kind se verkeerde gedagtes rondom homself, en fokus sy aandag op die waarheid van die situasie. Bv. wanneer jou kind kla dat hy nie slim is nie omdat hy sukkel met somme, kan jy hom reghelp deur te sê: "Jy is slim en jy doen goed op skool. Daar is baie dinge wat jy goed kan doen. Dis net dat jy bietjie meer sal moet werk aan jou somme sodat jy dit ook goed kan regkry." (4) Wees liefdevol en gee vir jou kind baie drukkies. Sê gereeld hoe trots jy op hom is. (5) Gee positiewe terugvoer wanneer jou kind sukkel. Erken sy emosies, prys hom vir sy poging, en moedig hom aan om volgende keer weer te probeer. (6) Skep 'n veilige atmosfeer by die huis waar jou kind baie liefde en versorging kry. Kinders wat onseker en onveilig voel, ontwikkel dikwels 'n lae selfbeeld. (7) Stel jou kind bloot aan positiewe ervarings deur met hom speletjies te speel waar daar nie teen mekaar gekompeteer word nie, maar waar daar baie pret in die deelname is. (8) Stel belang in jou kind en in die dinge waarmee hy besig is, sodat hy kan ervaar dat sy teenwoordigheid in die gesin belangrik is en raakgesien word.

GENIET JOU KIND – ons moet weet dat hulle die grootste seën en vreugde in ons lewens is!





Die storie "Dingetjie sonder naam" help kinders wat 'n swak selfbeeld het.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R40 per CD!

Kies van 24 onderwerpe



www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS




is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie,
'n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.



CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R40 per dubbel CD / R650 vir die volledige reeks op 6 CDs
www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

PIENKVOET Pret
waar grootword kinderspeletjies is

# Klei vir die kleingoed!

deur Anelia Prinsloo



Die Paasvakansie lê om die draai! Vir party ouers is hierdie vakansie net te lank en 'n mens hoor dikwels ouers sê: "My kind is so verveeld!"

Klei is 'n wonderlike medium om jou kind mee besig te hou. Terwyl hy dit rol, druk en afknyp, is hy besig om al die fynspiertjies in sy handjies te versterk.

**My gunsteling klei-resep is hierdie een:**
2 koppies meelblom
30 ml aluinpoeier
(kry by die apteek)
125 ml sout
75 ml Vaseline
Voedselkleursel
5 ml vanilla geursel
Ongeveer 350 ml kookwater
(Voeg meer by indien te droog, of meer meel by indien te slap)
Meng deeglik

**KLEURE**
Maak die klei in verskillende kleure aan. Laat kinders nou elke kleur benoem. Hul kan ook self die kleure meng.

**KNIP DIE KLEI**
Rol 'n lang worsie vir jou kind, hang dit voor hul, en laat hul dit dan met 'n klein rondepunt-skertjie knip. Gee ook plastiese messies waarmee hul dit op 'n bord kan sny.

**RUIK DIE KLEI**
Gebruik verskillende drup-peltjies geurmiddels wanneer jy die klei maak. Laat hul daaraan ruik om sodoende die reuksintuig te ontwikkel.

**PATRONE IN DIE KLEI**
Laat hul die klei platdruk en verskillende vorms daarop uitdruk. Klei- of- koekiedrukkers werk die beste. Gee nou ook vurke en stokkies om gaatjies in die klei te druk.

**PLANT DIE BOONTJIES**
Laat hul self met hul vingertjies 'n paar gaatjies in die klei druk. Gee nou klein boontjies wat hul in die gaatjies moet "plant".

**GESKENKIE VIR OUPA EN OUMA**
Laat jou kleuter 'n handjie of voetjie in die klei afdruk. Skryf sy naam en die datum by. Laat hy dit nou self verf ook. Plaas in die son om droog te word. Gebruik die volgende resep:
4 koppies meel
2 koppies sout
1 eetlepel olie
Meng alles met koue water

**EETBARE GRONDBOONTJIEBOTTER-KLEI**
Hierdie een bly almal se gunsteling!
1 koppie grondboontjiebotter
1 koppie heuning of stroop
1 koppie poeiermelk
1 koppie oatmeal
Voedselkleursel
Meng alles deeglik

Ek nooi jou uit om 'n gratis les te kom bywoon by PIENKVOET-PRET waar ons al spelende leer. Babas tussen 3 maande en 3 jaar woon die klas saam met Mamma by. Klasse is 'n uur en 'n half lank en tydens die les word alle vlakke van ontwikkeling aangeraak.

Ons leer jou hoe om jou baba speel-speel te stimuleer en gee vir jou wenke en idees wat jy tuis kan herhaal.

Besoek ook gerus ons webwerf by www.pienkvoetpret.co.za en kyk na al ons doen en late op Facebook!







© Anna Emm Productions 2012

## Maak 'n versiering vir Mamma se handsak!



Kies jou gunsteling kleur, en maak hierdie oulike tooisel om jou skooltas te merk!

**Benodigdhede:**

1. Groot doekspeld
2. Tou of vislyn
3. Verskillende groottes en kleure kraletjies

**Metode:**

1. Maak seker dat jy die tou/ vislyn aan die deel van die doekspeld vasmaak wat nie oop en toe maak nie.
2. Vou 'n stukkie vislyn dubbeld en maak 'n lussie aan die bokant. Bind dan vas aan die doekspeld. Daar sal twee stukkies vislyn-toutjies afhang na onder.
3. Maak 3 sulke stukkies vislyn vas aan die doekspeld, sodat jy 6 toutjies het.
4. Ryg die kraletjies soos jy wil op die toutjies vislyn.
5. Maak 'n knopie aan die einde van die toutjie sodat die kraletjies op hulle plek by.

**Idees:**

1. Gebruik die letters van jou naam of jou voorname, sodat jy sommer jou tas kan merk ook!
2. Onthou om 'n kraletjie met 'n nou gaatjie vir die laaste kraletjie te gebruik sodat jy seker is die kraletjies sit vas en op hulle plek.
3. Jy kan ook los knopies wat in die huis rondlê, gebruik.

**You don't really understand human nature unless you know why a child on a merry-go-round will wave at his parents everytime around - and why his parents will always wave back. - William D. Tammeus**






Gee hierdie lekkerny vir die kleingoed vroeg in die dag, want dit is propvol energie, en definitief vir die soettand…

**Bestandele:**

250 g botter of margarien
25 Marshmallows
250 ml Rice Crispies
250 ml Fyngedrukte Tennisbeskuitjies
140 g Versiersuiker
200 g Jelly Tots

**Metode**

1. Smelt die botter in 'n kastrol op die stoof.
2. Voeg die Marshmallows by, en smelt dit oor 'n lae hitte. Haal dit van die stoof af.
3. Meng die Rice Crispies, fyngedrukte tennisbeskuitjies, versiersuiker en Jelly Tots by. Meng dit deeglik.
4. Druk dan die mengsel in 'n 25 x 15 cm koekpan plat met 'n natgemaakte houtlepel.
5. Laat dit stol in yskas vir so 20 minute.
6. Sny in stafies.

**Ander idees!**
Die Jelly Tots kan met Astro's vervang word. Net so lekker!






Lekkerbekkie is GRATIS! Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za en ontvang elke maand 'n nuwe uitgawe.

© Anna Emm Productions 2012

# Ons plus twee



## Seuntjies en verjaarsdae

Hierdie tyd van die jaar is dit net die een verjaarsdag na die ander. Dit is egter die eerste jaar wat ons knaap begin wonder het wat hy vir Mamma vir haar verjaarsdag gaan gee. Tydens ete 'n paar dae voor my verjaarsdag besluit hy ek moet vir hom geld gee, sodat hy vir my 'n ring kan gaan koop. "Girls hou mos van ringe." Pappa is baie beïndruk dat hy weet waarvan mamma sal hou, maar lag te lekker dat ek self die geld moet verskaf.

Die dag voor my verjaarsdag is hier toe 'n reuse geknip en plak aan die gang. Ek mag egter nie loer nie, want dit is 'n verrassing. So word ek toe op my verjaarsdag wakker gemaak met ontbyt in die bed. EN 'n mandjie vol kindergeskenke. Sommer 2 prente van die knaap af. Een van tenks en een van manne wat skiet. Natuurlik is daar ook 2 getekende ringe in – pienk en pers - en 2 vliegtuie. Kleinsus het ook 'n knip-en-plak-prentjie bygesit. Die 2 is te vreeslik trots en mamma se kamer lyk ekstra mooi met al die skeppings. Die lekkerste verjaarsdag ooit.

Dit laat my net weer besef hoe anders seuntjies aanmekaar gesit is. Niemand hoef die knaap te geleer het hoe maak 'n kar nie. Tog was een van sy eerste geluide "brrrrm" gewees as hy met karretjies speel. Kleinsus speel ook graag met karretjies, maar sy sing eerder die 4×4 rekenaar-liedjie terwyl sy dit doen.

Met sy verjaarsdag het hy 'n weermag-stel gekry. Dadelik is dit 'n geskiet, landmyne gooi en "grrr" praat oor die walkytalky. Ek staan verstom. Waar het hy dit geleer? Hy wil dan nie eens "Over the hedge" alleen kyk nie, want die diere kry seer! Wat weet hy van oorlog af?! Lyk my seuntjies word met die kennis gebore. Soos ons girls met 'n voorliefde vir ringe!

*

*Lizelle Rademeyer woon saam met haar man en twee kinders, Ellard (4) en Salomie (2) op Stellenbosch.*

# WOORDSOEK



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| B | L | L | M | G | S |
| O | E | I | U | R | T |
| S | E | S | I | E | E |
| N | P | A | S | I | R |
| G | S | A | R | I | R |
| S | K | O | O | L | E |

Agt (8) woorde uit Lekkerbekkie se avonture is hier weggesteek. Hulle kan horisontaal (van links na regs *OF* van regs na links), diagonaal (skuins van die hoeke af) of vertikaal (van bo na onder *OF* van onder na bo) in die rooster wees en dele van die woorde val soms oor mekaar.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bessie | Muis | Skool | Bos |
| Speel | Sterre | Kas | Trui |



© Anna Emm Productions 2012

# Nuwe ZOEM-leesreeks vir beginner-lesertjies

Die ZOEM-leesreeks is spesiaal ontwikkel vir beginner-lesertjies as ekstra hulp in die klaskamer of by die huis. Dis modern, kleurvol, interaktief en groot pret!

Daar is bitter min beskikbaar in Afrikaans vir kinders wat begin lees. Meeste Afrikaanse leesboekies het woorde wat bo die kinders se vuurmaakplek is, of die lettertipe is vreemd vir kinders wat nog vormherkenning en klanke leer. Die ZOEM -leesreeks bestaan uit 20 A4-grootte leeskaarte – elk met 'n eenvoudige storie en kleurvolle illustrasie. Die leeskaarte wissel van BEGINNER (maklike woorde, groot skrif, en kort sinnetjies), tot INTERMEDIÊR (steeds maklik, maar met nuwe woorde hier en daar, en langer sinne in 'n effens kleiner druk) en dan GEVORDERD (langer stories met saamgevoegde woorde en langer sinne in 'n nog kleiner druk).

Die lesertjie kan dus "vorder" van Leeskaart 1 tot Leeskaart 20 – teen sy eie pas. Elke leeskaart sluit ook 5 nuwe woorde in.

Wat die ZOEM-leesreeks uniek maak, is dat dit saam met 'n luister-CD vrygestel word, waarop al die stories stadig en duidelik voorgelees word sodat die lesertjies kan saamlees. Op die CD is ook 'n paar luisteroefeninge vir elke leeskaart, wat die reeks lekker interaktief maak. Die stories in die ZOEM-leesreeks is geskryf deur Anna Emm, oud-remediëring-onderwyseres en bekende kinderstorie-skrywer. Die stories is modern en interessant, en op die beginner-lesertjies se begripsvlak.

Elke storie is ook gedruk in dieselfde lettertipe wat kinders in die grondslagfase aanleer en gebruik.

Die leesreeks kan heerlik in die grondslagfase-klaskamer gebruik word as aanvullend tot die bestaande leesreeks(e). Behalwe vir gebruik in die klas, kan die kaarte ook afgerol word, en as tuiswerkoefeninge uitgegee word. Ouers wat besorg is oor hul kind se leesvordering, of graag net ekstra lees-oefening tuis wil gee, kan die ZOEM-leesreeks met die grootste vrymoedigheid aankoop en gebruik.

Die reeks is tans beskikbaar by Anna Emm Productions – www.AnnaEmm.co.za – 021 911 5618 of mail@annaemm.co.za




Anna Emm Productions het ook heelwat ander opvoedkundige reekse wat deur skole, ouers en spelterapeute aangekoop en gebruik word, soos die gewilde "Vita Stories" reeks (Lewensvaardighede), die "Bybel Buddies" reeks, en die "Storie Minute" reeks begripstoetse. Vir meer inligting oor hierdie en ander produkte besoek gerus die webblad by www.AnnaEmm.co.za



© Anna Emm Productions 2012

# Opvreetbare vuil gesiggies!

Ons lesers deel hulle foto's - elkeen van hierdie maatjies wen 'n Storieklub CD! Baie geluk!




Anke Louise Bravenboer

Erik Nel

AJ Jacobs

Jayden Coetzer

Jean vd Merwe

Carli Jordaan

Chante Cordier

Christiaan du Preez

Josh Grimbeek

Stefan Swanepoel

Mila van der Vyver

Naomi Olivier

Mieke vd Merwe

© Anna Emm Productions 2012




## Storieklub-vorm Voltooi en faks na 086 726 5384

**Persoonlike Besonderhede**

Rekeninghouer: ____________________________________________

Posadres: ____________________________________________

Huis nr: ____________________ Sel: ____________________

Epos: ____________________________________________

Stuur asb my CD's met:

□ **Gewone pos (GRATIS)**
Totaal = R79.00

□ **Met verwysingsnommer (R20.00)**
Totaal = R99.00

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand:

Bank: ____________________ Tak: ____________________

Takkode: ____________________ Rek.tipe: ____________________

Naamhouer van rekening: ____________________________________________

Rekeningnommer: ____________________________________________

**Debit order authorisation:**
This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above.The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

____________________ ____________________

Handtekening / Signature Datum / Date

## Kompetisie




Vyf gelukkige lesers kan hierdie maand elk die boekie, "Vanaand as ek slaap gaan ek vlieg oor die see" wen (waarde R60)! Lekkerlees slaaptyd-stories deur Anna Emm!

**Vraag:** Wat is die name van die tweeling wat die geheim van die Spook in die Skool opgelos het? (Antwoord by www.AnnaEmm.co.za)

**Hoe om in te skryf:**
Stuur 'n epos met jou naam, kontaknommer, posadres en die antwoord op die vraag na lekkerbekkie@annaemm.co.za

Slegs een inskrywing per persoon! Sluitingsdatum: 25 April 2012. Die wenners sal in die volgende uitgawe van Lekkerbekkie bekend gemaak word.

## Maart se wenners! Bybel Buddies Kompetisie




Baie geluk aan die wenners van Maart se kompetisie!

Jaymi Kolders (4 jaar) van Gordonsbaai, Jazmijn Kotze (4 jaar) van Klerksdorp en Inge Barnard (3 jaar) van Kirkwood is die gelukkige wenners wat elkeen 'n Bybel Buddies CD 1 van Anna Emm Productions ontvang! Lekker luister!
www.annaemm.co.za






Lekkerbekkie is GRATIS! Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za en ontvang elke maand 'n nuwe uitgawe.

© Anna Emm Productions 2012

# Bestelvorm

**Voltooi en faks na 086 726 5384 of epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za**

Vir inligting oor die produkte besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

Naam en van: ________________________________________________

Kontaknommer: ____________________ Epos adres: ______________________

Posadres: ________________________________________________

**Hierby ingesluit is bewys van betaling vir die bedrag van R______________.**

**Stuur asb vir my die volgende produkte:**

__ x Vita Stories CD 1 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 2 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 3 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 4 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 5 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 6 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 7 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 8 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 9 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 10 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 11 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 12 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 13 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 14 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 15 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 16 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 17 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 18 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 19 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 20 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 21 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 22 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 23 @ R40.00
__ x Vita Stories CD 24 @ R40.00
__ x Vita Stories Reeks @ R650.00

__ x Bybel Buddies CD 1 @ R100.00
__ x Bybel Buddies CD 2 @ R100.00
__ x Bybel Buddies CD 3 @ R100.00
__ x Bybel Buddies CD 4 @ R100.00
__ x Bybel Buddies CD 5 @ R100.00
__ x Bybel Buddies CD 6 @ R100.00
__ x Bybel Buddies Reeks@ R500.00

__ x Jakkals en Wolf CD1 @ R100.00
__ x Jakkals en Wolf CD2 @ R100.00

__ x Eendag was daar 'n storie CD 1 @ R100.00
__ x Eendag was daar 'n storie CD 2 @ R100.00
__ x Eendag was daar 'n storie CD 3 @ R100.00
__ x Eendag was daar 'n storie CD 4 @ R100.00

__ x Speurder Morris Muis CD (deur Antointte Louw) @ R80.00
__ x Die Apies CD (deur Vicky Davis) @ R80.00
__ x Vier Wense CD (deur Dorette Potgieter) @ R80.00
__ x 'n Honger Gormajors (deur Anrich Herbst @ R80.00

__ x Lekkerbekkie Muis DVD @ R149.00
__ x ZOEM-leesreeks @ R400.00

__ x Storie Minute CD 1 @ R100.00
__ x Storie Minute CD 2 @ R100.00
__ x Storie Minute CD 3 @ R100.00
__ x Storie Minute CD 4 @ R100.00
__ x Storie Minute CD 5 @ R100.00
__ x Storie Minute CD 6 @ R100.00
__ x Storie Minute reeks @ R500.00

**Sluit asb die volgende posgeld in:**

**__ x Posgeld op bestellings onder R300.00 @ R20.00**

**__ x Posgeld op bestellings bo R300.00 @ GRATIS**

Lekkerbekkie is GRATIS! Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za en ontvang elke maand 'n nuwe uitgawe.